# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (02/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 12 Januarie 2018

***"Meetings: where minutes are kept and hours are lost" Anon***

## CGA PRODUSENTE ROADSHOWS 2018

Elke tweede jaar verdeel die CGA Groep se personeel in twee spanne en besoek al die sitrusproduserende streke in Suid-Afrika, Swaziland en Zimbabwe. Vir die besoek in 2018 sal Mitchell Brooke die een groep lei, terwyl Justin Chadwick die ander groep sal lei.

**Mitchell se groep** skop in week een (27 Februarie tot 2 Maart) in die Oos-Kaap af. Op Dinsdag 27, sal hulle in die Oos-Kaap se Midlands by Katrivier Sitrus se Raadsaal wees. Op Woensdag 28 Februarie beweeg hul na die Sondagsrivier, waar die vergadering by Africanos gehou sal word. Hul sluit die week op 1 Maart in Patensie af - die vergadering gaan by die Ripple Hill Hotel gehou word, met 'n braai na die tyd by Archers Guest House. Alle vergaderings begin om 14:30 en moet teen 17:30 klaar maak. 'n Braai en verversings sal na die vergaderings volg. Mitchell sal deur Rob Elfick (RBX), Siva Silo (Citrus Academy), Vaughan Hattingh (CRI), Deon Joubert (CGA) en Yolanda Ntlakaza (CGA GDC) vergesel word.

Justin se groep sal week een in die Wes-Kaap afskop. Daar word beoog om op Maandag 26 Februarie 'n vergadering in die Robertson-gebied (Boland) te hou. Hierdie vergadering is op die nuwe produsente in die bedryf gerig. Die vergadering sal dieper in die werk van die sitrusbedryf en die CGA-groep delf. Besonderhede van tyd en plek sal beskikbaar gestel word sodra die vergadering gefinaliseer is. Op Dinsdag 27 Februarie gaan die groep na Citrusdal vir 'n vergadering by Piekenierskloof vanaf 14:30 tot 17:30, gevolg deur 'n braai en verversings. Die week sluit in die Noord-Kaap af met 'n vergadering op 1 Maart 2018 by Lake Grappa vanaf 14:30 tot 17:30, gevolg deur 'n braai en verversings. Justin sal deur Jon Roberts (CGACC), Jacomien de Klerk (Citrus Academy), Tim Grout (CRI), Clint Lawson (RBX) en Lukhanyo Nkombisa (CGA GDC) vergesel word.

In week twee (5-9 Maart 2018) sal **Mitchell se groep** op Maandag 5 Maart in Nkwalini by die Farmers Hall afskop. Daarna het hul paspoorte nodig vir die vergadering op 6 Maart in Swaziland by United Plantations, Tambuti, voordat hulle na Mpumalanga vertrek. Op Woensdag 7 Maart sal die Nelspruit-streekbyeenkoms by die CRI Raadsaal gehou word, voordat hul op Donderdag 8 Maart in die Onderberg (plek moet nog bevestig word ) afsluit. Alle vergaderings begin om 14:30 en eindig omstreeks 17:30, gevolg deur 'n braai en verversings. Mitchell sal deur dieselfde persone vergesel word.

In week twee gaan **Justin se groep** verder Noord – vergader op Maandag 5 Maart by die Musina-hotel met die Limpoporivier en Zimbabwe produsente. Op Dinsdag 6 Maart word die vergadering by The Junction in Letsitele gehou, voordat hulle op Woensdag 7 Maart in Hoedspruit by die Hengel Klub vergader. Die week eindig op Donderdag 8 Maart in die Senwes by Maroela Game Trails. Alle vergaderings begin om 14:30 en eindig om 17:30, gevolg deur 'n braai en verversings. Die nuut aangestelde CGA-raadslid Vangile Titi sal hierdie week by Justin se groep aansluit.

Vir spysenering, antwoord asseblief by gloria@cga.co.za. Dui asseblief aan of u slegs die vergadering gaan bywoon, en of die vergadering en die braai. Die personeel van die CGA-groep sien daarna uit om met die CGA-lede te vergader, en moedig alle produsente aan om by te woon.

**[Let asseblief daarop dat hierdie reëlings onderhewig aan verandering is: u sal op hoogte gehou word]**

## BELANGRIKE DATUMS IN 2018

Ander belangrike datums sluit in: Fruit Logistica, Berlyn 7-9 Februarie;Sitrusbemarkingsforum 14 Maart; CGA Raadvergadering 22 Maart; AgBIZ Konferensie 6-8 Junie; PMA Fresh Connections 15-16 Augustus; CRI Simposium 19-22 Augustus;CGA Raadsvergadering 29 Augustus; Asia Fruit Logistica 5-7 September.

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS